



KAMMANUUS

Nommer 241

25 Augustus 2008

TOULEIER

Is daar nog sulke mense op Beaufort-Wes?



Voordat ons voortbeur teen die pas op met die twee Cortinas bors aan bors, daar in die Hexriviervallei, waar ek jou laas week gelos het, eers die uitslag van ons DOEPA CD wedstryd.

Uit die talle inskrywings het die een Nicole de Smet van België met 'n kortkop gewen. Haar pittige inskrywing verskyn elders in die nuusbrief. Eervolle vermelding ook aan die leser wat meen dat George Weideman 'vleeskleurige' sokkies aanhet op die CD. Vir dié wat nie gewen het nie, nou weet julle waar om te gaan bestel.

Vir dié wat nog nie gaan kyk het nie, dis by www.onsdorp.com/html.cds, gaan koop jou Kersgeskenk CD's daar!

Die Ryloop-episode - Deel II

Terug tot daar teen die bult in die somer van nege en sestig. Ek sien al die berig in Die Burger: "*Gesin en twee jong rylopers sterf onder lorie by De Doorns*".

Dan gee Blou Koos se moed in en hy val terug. Ook net betyds, want so by my kool, daardie lorie van my vrese, doem skielik op voor ons op die kruin van die steilte op. By die volgende afdraai vra Louie die omie om ons af te laai. Ons staan 'n rukkie so lanks die pad voordat voordat ons begin praat.

"Dit was amper, nè?" sê-vra Louie.

"Ja, amper of ek het in my broek geskylt!"

Dan stamp hy my skertsend in die ribbes. "Ek ruik steeds iets, is jy seker dis daai kleintjie wat sy doek vuil gemaak het?"

Met die spanning gebreek staan ons weer duime in die lug en die volgende kar neem ons tot in die middel van Beaufort-Wes. Selfs my koel *summer cotton* hemp kan nie die hitte uithou nie. Die gesmelte teer suig ons tekkies vas. Lank staan ons aan die ander kant van die dorp.

Daai tyd was daardie motel net buite die dorp nog nie daar nie. Die dorpsdam is amper leeg, en 'n paar donkies dwaal daar naby rond, aan't peusel van die lae, yl verspreide Karoobossies. Ons moed raak ook laag en yl.

Toe die son so net-net wou sak agter die rantjies, stop daar 'n oom aan die ander kant van die pad. Hy is op pad dorp toe. "Dis lankal te laat om nou verder te wil *hike*, julle. Kom klim en slaap liever vanaand by ons," roep hy oor die pad nadat nog 'n vragmotor verby ons gebrul het.

Ons laat ons nie twee keer nooi nie. Daardie aand slaap ons saam in 'n sagte katel onder 'n verekombers. Beaufort-Wes raak net so koud in die nag soos hy warm kan wees in die dag.

Vroeg die volgende oggend maak die tannie ons wakker met boerbeskuit en lekker moerkoffie, en die oom gaan laai ons weer buite die dorp af. Ons volgende rit neem ons tot by Drie Susters, waar ons die vurk vat na Britstown, en daar swaai ons weg noorde toe, Kalahari se rigting.

Ons leer elke dorpie se buitewyke baie goed ken. Prieska, Marydale, Grobbelaars-hoop, Grootdrink, Louisvale. Laatmiddag steek ons die Oranjerivier agter op 'n oop bakkie oor.

Gelukkig het Beaufort Wes se hitte ons so effe voorberei vir Upington. Sy kort naam moes Hel gewees het. Ander soort warmte daardie! 'n Warmte wat sy pad vind tot in die harte van die mense wat daar bly.

Oom Gert wag reeds vir ons daar en 'n onvergeetlike vakansie volg. Dankie Waldo, dankie vir die terugbring van sulke lekker onthou!

Nou wonder ek, is daar vandag nog daardie soort Beaufort-Wes mense? Mense wat twee vreemde laaities inneem sonder uitvra of sonder vergoeding? Wat dink julle?

Hennie Greeff

Gomorra, Duskantland



ROELFIE SLAAT RAAK

□ Hardepad

IEMAND wat baie oorsee reis, vertel hoe dit hom fassineer as hy sien hoe groepe tronkvoëls in die staat Florida hardepad doen.

Hulle is aanmekaar geketting, en werk langs die paaie, besig om rante te sny en klein herstelwerkies te doen. Almal dra oranje tronkuniforms, en die toesighouer is een van daai fris ouens met 'n donkerbril, en 'n houding van "moenie eers daaraan dink nie."

Toe begin Roelfie wonder of dit ook in Duskantland sal werk, en hy kom tot die slotsom dat dit nie sal nie.

Eerstens is dit 'n oortreding van hul menseregte om so in die openbaar verneder te word.

Tweedens gaan daar weer diskriminasie wees, want die ryk tronkvoëls sal 'n dokter omkoop wat hulle by 'n hospitaal inboek, waar hulle aan 'n drup met gin en tonic gekoppel word.

► **Want selfs in ons nuwe demokrasie is daar mense wat gelyker voor die reg is as ander. Soos Tony (WaBenzi) Yengeni en Jackie (Gangster) Selebi en Jakob (Storkop) Zuma en hordes ander.**

□ Vreemde gebeure

TWEE van die vreemdste dinge het verlede week in Duskantland gebeur. In Kurgersdorp loop 'n lat die skool met drie swaarde binne, en niemand knip 'n oog nie - totdat hy 'n seun vermoor.

In Slaapstad word 'n lat uit die skool geskors omdat hy al maande lank dagga op die skoolgrond verkoop - en die hof beveel dat hy moet teruggaan skool toe.

Die derde vreemde ding is dat die SAKP die Skerpioene afgeskaf wil hê omdat dié glo reeds besluit het dat die land se nuwe leierskap korrup is, en spesiaal dopgehou moet word.

► **Al wat vreemd is aan die derde ding, is dat die Skerpioene in die moeilikheid is omdat hulle die óú leierskap se korrupsie aan die lig gebring het - newwermaand die huidige spul.**

□ Britse genepoel verdiep



ROELFIE kan nie help om te sien hoe goed Modder Eiland vanjaar op Oom Limpie se Spele vaar nie. Nadat hulle in 1996 net een goue gewen en toe 'n klomp geld in sport gepomp het, is dit tot 19 opgestoot in Beijing.

Dis ook opvallend dat omtrent al die presteerders baie donkerder is as die nasate van Kwien Victorie.

Wel, miskien bewys dit dat daai klomp bleekbeen slagpatte met die skewe perdetande dringend nuwe materiaal in hul genepoel nodig gehad het.

Dis ook interessant om te sien dat die Grieke - wat eeue gelede geboorte gegee het aan die hele idee - meer positiewe dwelmtroetse as goue medaljes opgelewer het.

► **Wat Duskantland betref, lyk dit of ons sal moet wag totdat diefstal, moord en korrupsie deel van die Spele word, voordat ons goud sal wen.**

□ Kole op die sokkervuur

EN toe kom gooi ou Ertjiesop Patat weer kole op die 2010-sokkervuur, en looi die wittes omdat hulle wil hê dit moet 'n mislukking wees. As dit nou Roelfie was, het hy gesê: "Ons weet ons maak 'n bokkerop van alles, maar ons vra die wittes om ons hierdie keer te vertrou, en ons te help om 'n sukses van 2010 te maak."


► **Dan het dit dalk sin gemaak.**

□ Egte leer

DIS nogal opvallend hoe al wat burgemeester, premier en minister is, deesdae met Duur Duitse Motors rondry. Maak seker sin: As jy met 'n donkiekar grootgeword het, wil jy nou net egte leer onder jou gat voel.

Allegaartjie

VROULIKE BREIN



LEER ENGELS

Hoe goed is jy met vertaal?

LES EEN - BEGINNERS

Drie hekse beskou Swatch-horlosies. Watter heks beskou watter horlosie?

Vertaal lyk dit so:

Three witches watches three Swatch watches. Which witch watches which watch?

LES TWEE - GEVORDERD

Drie geslagsomgekeerde hekse beskou drie Swatch-horlosies se skakelaars. Watter geslagsomgekeerde heks beskou watter Swatch-horlosie se skakelaar?

Vertaling:

Three switched witches watch three Swatch watch switches. Which switched witch watches which Swatch watch switch?

LES DRIE - HOOGSTE VLAK

Drie Switserse hekse wat begeer om 'n geslagsverandering te ondergaan, wil drie Switserse Swatch-horlosieskakelaars sien. Watter Switserse heks, wat wens om 'n geslagsverandering te ondergaan, beskou watter Switserse Swatch-horlosieskakelaar?

Vertaling:

Three Swiss witches, which wish to be switched witchbitches, wish to watch three Swiss Swatch watch switches. Which Swiss witch which wishes to be a switched Swiss witch, wishes to watch which Swiss Swatch watch switch?

Maak nou die knope in jou tong los, en probeer weer 'n keer!



Dié week se giggels

OUMENSE

'n Bejaarde man wil die uroloog spreek, en stap by 'n wagkamer vol pasiënte in.

Die ontvangsdame is erg onvriendelik en lyk soos 'n swaargewig-stoeier.

Sy praat met 'n harde stem: **"Ja, ek het jou naam hier. Jy is hier oor jou impotensie, reg?"**

Al die pasiënte sit regop, en staar na die verleë man. Hy herstel egter vinnig, en antwoord in 'n ewe luide stem:

"Nee, ek wil navraag doen oor 'n operasie om my geslag te verander, maar ek wil nie die een hê wat joune gedoen het nie."

MOENIE MET OUMENSE
MORS NIE.

BLONDINES

Hoeveel blondines is nodig om springmielies te maak? Vier. Een om die pot vas te hou, en drie om die stoof te skud.

Hoe weet jy dis 'n blondine se kombuis?

Daar is papierborde in die skottelgoedwasmasjien.



Hoe sal ek jou vandag martel? Warm olie?
Miere en stroop? Of sal ek dat jy
'n tegniese hulplyn bel?

BIOLOGIE-LES

Die biologie-onderwyser wil kyk of sy studente hulle voorgeskrewe teks gelees het. Hy vra Sannie Louw om op te staan.


"Kan jy my vertel watter deel van die liggaam vergroot tot tien maal wanneer dit geprikkel word?"

Sannie bloos erg en gaan aan die giggel, maar kry nie 'n antwoord uit nie.

"Sit asseblief, Juffrou Louw! Juffrou Smit, weet jy miskien wat die antwoord is?"

"Ja, Meneer, dis die oog se pupil"

"Mooi! Juffrou Louw, sal jy asseblief weer staan? Vir jou het ek drie dinge om te sê: Jy het nie jou huiswerk gedoen nie. Jy het 'n vuil verbeelding. Jy is in vir 'n groot teleurstelling."



Wat het hulle gedink gaan hulle kry? Koekies?

WETTE

Brown se skoenewet:

As die skoen pas, is hy lelik.

Wet van die teater:

Die mense wat die verste van die padjie af sit, daag altyd laaste op.

Wet van nommers:

As jy 'n verkeerde nommer bel, sal dit nooit beset wees nie.

BC deur Johnny Hart





MAKERIEPAS!

Fliek maak in die Brandberg

Deur Kanonnier H.J. Greeff

Om in Walvisbaai diensplig te moes doen, was volgens my mening heel anders as in die Republiek. 'n Mens was te ver van die huis om eers te dink aan *awol*.

Die enigste keer wat ons by die huis was, is toe ons amptelik ons 14 dae breek gehad het. Soos 'n tronk sonder deure.

Onder die dekmantel dat die troepe so nou en dan moet uitkom en net bietjie wegbreek, het die PF's vir hulle self die heerlikste uitstappies gereël. Ons was net saam om dit wettig te maak.

Hulle het dit vryetydsbesteding genoem. Verskeie kere, oor naweke, is ons dan op en af teen die kus geneem, terwyl die staandemagde hul visstokke saamgeneem het.

Ons moes die aas aansit en die visse van die hoek afhaal en skoonmaak. Ek het in my lewe nog nie gesien hoe baie visse mens kan vang soos op daardie uitstappies nie. Dit was nie 'n kwessie van of jy vis vang of nie, dis gemeet aan hóévél vis jy binne 'n kort tydjie vang. Dit het bepaal of ons aanskuif na die volgende ingooi plek.

Ons was gou gatvol vir dié soort uitstappies.

Toe kom die naweek van naweke. Hulle gaan ons 'n bietjie binneland toe neem, na die Brandberge toe. Half skepties oor watter take ons die keer sou moes verrig, is ons weg in 'n hele konvooi, wat tot 'n kombuistrok ingesluit het.

Aanvanklik was dit maar vir ons net nog 'n maneuever wat hulle uitgedink het om ons oor 'n afnaweek rond te donner.

Ons kom skemer by die Spitskoppe aan. Slaan kamp op en sit tot wagte uit. In die middel van Suidwes.

Een van ons meer dinamies makkers besluit om te gaan stap en die wêreld te verken. Sommer gou is hy terug en kry ons die nuus dat daar 'n hele klomp civvies is wat aan die anderkant van die koppies 'n film skiet. En daar is kaal meisies op die stel!

Dit gons in die kamp. Die koerasie is hoog, blou vitrioel of te not. Net ná donker begin ons een vir een uitsluit. Die staandemag lede kuier lekker aan hulle drankies en is salig onbewus dat die hele kamp leeg is.

Al goed gekonfynt in rondsluip, steek ons die koppie in die donker oor. Voor ons ontvou 'n wonderwêreld. Daar onder is 'n goed beligte stel waar hulle besig is om naakte maagde te verfilm wat op 'n klipaltaar aan die gode geoffer moet word.

Vir dié wat so ver terug kan onthou, dit was die verfilming van *Creatures the World Forgot*, met Julie Ege in die hoofrol.

Ook maar jonk, ook maar lus, sluip ons al nader en nader om beter te kan sien. Skielik hou hulle op en skyn die spreiligte op ons. Soos dassies op die rotse, word ons verblind.

'n Man kom nader en vra of ons nie maar by hulle agter die ligte wil aansluit nie want ons bederf die skoot. Baie verleë sluit ons aan by 'n paar van ons ander makkers wat al reeds daar staan.

Kort kort moes hulle egter die verfilming onderbreek soos nog 'dassies' op die rotse verskyn. Nou nie dat ons juis omgegee het nie.

Dit het net beteken dat ons langer die mooi naakte lyfies kon aanskou soos hulle keer op keer die kombersies afgehaal het vir die oordoen van die skoot.


Om verskeie redes is daar maar baie min geslaap daardie nag.



JULIE EGE, wat die hoofrol in die fik wat ter sprake is, gespeel het. Sy was 'n voormalige Mej. Noorweë.

Ons vriende met vlerke

Deur Reinderd Visser



Elsies is g'n bang vir water nie

Ek wonder of vandag se jongmense nog weet wat 'n els is. Enigeen wat al met leer gewerk het (bv. om skoene of 'n perd se tuie reg te maak) sal presies weet hoe 'n els lyk – so 'n skerp gepunte stuk gereedskap (sommige gebuig) waarmee jy gate in die leer kan steek.

Wel, dis hier waar ons twee voëls van vandag – die Rooipootelsie (Black-winged Stilt) en die Bontelsie (Pied Avocet) hul name gekry het. Kyk maar na die illustrasies: Hul snawels lyk presies soos dié van 'n els.

Die Rooipootelsie s'n is lank, reguit, dun en skerp (so 6 cm) terwyl die Bontelsie s'n egalig boontoe gebuig en so 8 cm lank is. Hulle is maklike voëls om uit te ken.

Die uiters lang rooi bene van eersgenoemde skakel verwarring met enige ander langbeenvoëls van sy grootte uit, dis dié dat hy die Engelse naam 'Stilt' dra (moenie verbaas wees as die Afrikaanse naam dalk binnekort na Stelt verander nie).

Hul bene is so lank, as die wyfie op die nes sit, steek haar bene bokant haar in 'n onderste-bo 'V' uit soos 'n sprinkaan s'n! Die bont een se krom snawel is uniek aan hom. Jy sal beide van hulle by die water kry waar hulle letterlik dag en nag (met tussenposes, darem) wei agter kos aan.

Die Rooipootelsie stap tot by sy "knieë" in die water in. wat dit met sy lang bene makliker maak om die kos (larwes, weekdiere en klein skaaldiere) in die hande te kry. Hy moet buite die water letterlik sy bene buig as hy kos op die grond wil bykom! Sy nes is ook baie na aan of selfs op vlak water.

Die bontelsie is nog minder bang vir die water – trouens, hy sal soos 'n eend dieper in die water ingaan en sy kop, stert in die lug, in die water steek en dobberend op die bodem vir ongewerweldes en vissies rondkrap. Sy nes is egter effens verder van die water af op die sand- of modderbank.

Soos met die ander grond-bewoners (bv. kiewiete, strandkiewiete, dikkoppe) is beide se kuikens al somer op dag een selfstandig om rond te loop en self te begin wei.

Hulle was beide jare gelede baie algemeen, maar nou minder so. Jy sal hulle egter hier by ons in die Klein-Karoo raakloop as jy by die verskillende damme waar jy verbyry kyk wat in die vlak water wei. Hulle is ook gereeld by die rioolwerke te sien.

Let ook op dat dit nou byna lente is hier in die Suide. Die voëls wat gedurende die winter vaal was, begin nou weer hul kleurige broeidrag kry en die somerbesoekers uit die Noorde behoort ook aanstons hier gesig te wys (bv. swaeltjies, koekoek, bruin jakkalsvoëls). Lekker kyk!

Sou jy belangstel en jy is in Suid-Afrika, skakel of sms my by 072 903 3707, of stuur 'n e-pos na reinderd@webmail.co.za.

DIE BARMHARTIGE SAMARITAAN

'n Sondagskooljuffrou was besig om die verhaal van die barmhartige Samaritaan vir vier- en vyfjariges te vertel, en om hul aandag te behou, doen sy dit met gevoel.

In 'n stadium vra sy: "Wat sal jy doen as jy iemand langs die pad teenkom wat vol wonde lê en bloei?"

Een van die meisietjies verbreek die stilte, en sê: "Ek dink ek sal kots."



Brood vir die Blik

Anna se spogbrood

125 ml margarien (verkieslik Stork)
75 ml heuning
550 ml meelblom
2ml sout
250 ml gekapte okkerneute

150ml strooisuiker
2 eiers
15 ml bakpoeier
150 ml melk
Ekstra heuning vir verglansing

Voorverhit die oond tot 160 °C. Smeer bodem van broodpan van 22 x 12cm en voer met waspapier uit. Verroom die margarien, suiker en heuning deeglik. Voeg eiers by en klits goed. Sif die meelblom, bakpoeier en sout saam, en voeg om die beurt saam met melk by die verroomde mengsel.

Meng die okkerneute in. Bak vir ±1½ uur. Wag tot afgekoel. Borsel of verglans met warm heuning en versier met gekapte neute.

Vir 'n verskeidenheid van Resepteboeke in E-formaat, gaan na ons webwerf se KOOKPUNT-bladsy op www.ondorp.com



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Bornman

aries@eurotel.co.za

Heel oorspronlike spelling waarskynlik "Bornemann"

Botes

carhire@telkomsa.net

Ek is Anton; 46 jaar en eintlik van Robertson. My familie is tant Sannie Botes van Prins Albert - so in ongeveer 1980 oorlede. Was oudste inwoner op dorp.

Myburg

kobus@elkobesighede.net

Ek is op soek na my grootouers se familie. Ouma was nooi Myburg (Maria Elisabet), getroud met WP Venter (Graaff-Reinet?). Later gewoon in Johannesburg.

Pretorius

prtoors@gmail.com

My naam is Ronel Pretorius (neé Du Preez). Sal graag die stamboom van Pretorius wil sien en die familiegeskiedenis wil naslaan.

Venter

kobus@elkobesighede.net

Op soek na vader se familie. Johannes Jacobus, (getroud Susanna Lusay Venter #Kruger) vermoedelik Graaff-Reinett. Oupa - Willem Philippus? Getroud Maria Elisabet Myburg.

SOMMER SIMPEL

► 'n Man hardloop kaal in die bos. Twee olifante sien hom. Een sê: "Kyk hoe maer is hy!" Die ander een sê: "Geen wonder, kyk waarmee moet hy eet!"

► Koos vry sy meisie dat die spoeg spat. Sy raak bietjie meegevoer en fluister in sy oor: "Koos, soen my op 'n lekker plek." Koos sê: "Is jy nou simpel? Ek ry nie nou Loftus toe nie!"

► 'n Man word gevra wat hy vir sy vrou op hul goue huweliksherenking gaan gee. "Wel op ons silwer huweliksherenking, het ek haar oorsee gevat, ek sal haar seker nou moet gaan haal!"



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Ons CD-wenner

NICOLE DE SMET, België

Ik ben al jaren een trouwe fan van Kammanuus. Zuidafrikaans heeft een grote verwantschap met Vlaams. Maar net als Zuid Afrika is de taal kleurrijk en vol pit. Bij deze wil ik een blijk van waardering geven voor de nieuwsbrief.

De antwoorde voor de wedstryd:

- 1) as verlange te groot raak veral nou met Kersfees in die vooruitsig, dan kom die muse baaie naby en vloei die kreatiwiteit
- 2) Het is een eerbetoon aan de schryver George Weideman die terminaal ziek is.
- 3) George draagt geen sokken op de hoes van de cd
- 4) Kersfees hier by ons
- 5) My ouma het 'n Skeffie Beffel
- 6) Die vensters gaan oop

Groete uit België.

(Nicole was die wenner van die CD-wedstryd. Geluk! - Hennie.)

Verblyf gesoek in Brisbane

Henk ten Cate, Duskantland:

htencate@telkomsa.net

Ons wil bekostigbare behuising in Brisbane hê vir die periode 07.09.2008 tot 29.09.2008. Ons kom oor om werk te soek en het reeds 'n onderhoud.

(As daar iemand is wat kan help of raad gee, kan hulle direk met Henk skakel. - Hennie.)

AGTEROS

Brief uit die army

Liewe Ma en Pa

Dit gaan goed, ek hoop met julle ook.

Sê vir my boeties Wouter en Koos dis baie beter in die army as om vir oom Piet te werk. Hulle moet kom aansluit voordat al die plekke opgeneem is.

In die begin was ek rusteloos, want 'n mens moet tot amper sesuur in die oggend in die kooi bly lê, maar ek begin dit nou geniet om so laat te slaap.

Sê vir Wouter en Koos al wat jy voor ontbyt doen, is om jou kooi netjies en glad te maak en goeters blink te vryf. Geen varke om te voer, geen koeie om te melk, geen mampoer om te stook en geen hout om te kloof nie. Daar is tyd vir die manne om te skeer, en die water is warm.

Brekfies is sterk op vrugtesap, pap, eiers en spek en so aan, maar kort op steak, boerewors, tjops, aartappels en die standaardgoed soos vetkoek. Maar daar is dorpies wat omtrent net koffie drink, so jy kan tussen twee van hulle sit. Hulle kos en joune saam hou tot middagete, wanneer jy weer gevoer word.

Die stadsjapies is nie sterk stappers nie. Ons gaan op roetemarse, en die sersant sê dis lang afstande wat ons hard sal maak. Hy kan maar so dink, want

ek mag hom nie reghelp nie. 'n Roetemars hier is so ver soos wat ons posbus van die huis af is.

Die stadsjapies se voete word seer, en dan ry ons almal in lorries terug. Dis 'n mooi deel van die wêreld, net vreeslik plat.

My boeties gaan hulle siek lag hiervoor. Ek kry aanmekaar medaljes vir skiet, maar ek weet nie hoekom nie. Die kol is amper so groot soos 'n dassie se kop, en dit staan doodstil.

Dit skiet ook nie terug soos daai blerrie Ventertjies van ons buurplaas nie. Jy lê net daar rustig en skiet. Jy hoef nie eers jou eie patrone te maak nie - hulle kom in bokse.

Dan is daar wat hulle noem hand-to-hand combat. Jy moet met die dorpsjapies stoei, en ek moet versigtig wees, want hulle kry maklik seer. Dis nie soos om met ons stoetbul te baklei nie.

Ek is omtrent die beste bakleier in ons peloton, behalwe vir Groot Jan Jordaan. Hy het saam met my aangesluit, maar ek is net 5'6" en 130 pond en hy is 6'8" en oor die 300 pond as hy droog is.

Sê vir my boeties hulle moet hul stêre roer en kom aansluit, voordat almal hoor hoe lekker die army is en op die plek toesak.

Julle liefhebbende dogter

Ester

Daar is weer 'n KAMMANUUS op 8 September 2008